


VOORBEELDE VAN FORMELE ASSESSERINGSTAKE

Asseseringstaak : HT LU 4.5

Graad 2: Kwartaal 2

Wat dink jy sê die kinders? Skryf 'n goeie sin in elke praatborrel neer.




VOORBEELD VAN 'N FORMELE ASSESSERINGSTAAK

Formele Assesseringstaak: HT LU4,5,6

Graad 2: Kwartaal 2

Kyk na die prentjies. Wat dink jy hoe sal die laaste prentjie lyk? Teken dit.
Skryf nou jou eie storie van ongeveer 9 sinne neer.
Gee ook vir jou storie 'n titel of 'n naam.
Onthou om hoofletters en punte te gebruik.



VOORBEELDE VAN FORMELE ASSESSERINGSTAKE

FAT 4: Huistaal LU5: Dink en redeneer, AS4: Prosesseer inligting
 Wiskunde: LU5 Data hantering

Hoeveel sakgeld kry die kinders elke week?

R20						
R18						
R16						
R14						
R12						
R10						
R8						
R6						
R4						
R2						
	Jan	Tim	Karin	Thabo	Susan	Sipho



Gebruik die grafiek om die volgende vrae te beantwoord.

1. Hoeveel geld kry elke kind?

Karin

Tim

Sipho

Thabo

Susan

Jan

2. Wie kry die meeste sakgeld?

3. Wie kry die minste sakgeld?

4. Watter twee kinders kry ewe veel sakgeld. en

5. Hoeveel geld het die kinders altesaam?

6. Moet 'n mens al jou sakgeld opgebruik?

7. Hoekom sê jy so?

.....

.....

.....

.....

ASSESSERINGSPROGRAM

OPVOEDER		LEERPROGRAM:GELETTERHEID		GRAAD: 2	JAAR:
GRONDSLAGFASE					
KWARTAAL		EEN	TWEE	DRIE	VIER
TAAK EEN	FOKUS	Luister en Praat	Luister en Praat	Luister en Praat	Luister en Praat
	LA ; LU ; AS	HT LU2AS1,7	HT LU2AS1,7	HT LU1 AS3b,c, LU2AS1, 4c, 7	HT LU2AS6,7
	AKTIWITEITE	Vertel persoonlike nuus	Vertel persoonlike nuus	Luistergedrag, Beantwoord vrae, Lewer kommentaar op wat hulle gehoor het. Maak afleidings en voorstelle Wys en vertel. Praat oor iets.	Luistergedrag. Beantwoord vrae en vertel persoonlike nuus. Vorbereide mondeling
TAAK TWEE	FOKUS	Lees, Skryf, Dink en redeneer.	Lees, Skryf, Dink en redeneer.	Lees, Skryf, Dink en redeneer.	Lees, Skryf, Dink en redeneer.
	LA ; LU ; AS	HT LU3AS3a,4a,f LU4AS3a,6b,1a LU5AS2a, LU6AS2a,	HTLU3AS3a,b,c, AS4,b,c,d,f LU4 AS3a,6b, 7b, 1a,b LU5 AS2a, 4a, LU6 AS2a	HT LU3AS2a, AS3a,b,c, AS4b,c,d,f LU4 AS3a,6b, 7b, 1a,b LU5 AS2a, LU6 AS2a	HT LU3AS3a,b,c, AS4b,c,d,f LU4 AS3a,6b, 7b, 1a,b LU5 AS 4a, LU6 AS2a,3c
	AKTIWITEITE	Lees onvoorbereide voorgeskrewe teks. Flikskaarte met klanke en HF woorde op.	Lees onvoorbereide voorgeskrewe teks. Flikskaarte met klanke en HF woorde op.	Lees onvoorbereide voorgeskrewe teks. Flikskaarte met klanke en HF woorde op.	Lees onvoorbereide voorgeskrewe teks. Flikskaarte met klanke en HF woorde op.
		Skryf sinne vir 'n opvolgstorie. Skryf klanke woorde. Skryf leesbaar. Plaas prente in die regte volgorde.	Skryf sinne vir 'n opvolgstorie. Skryf klanke woorde. Skryf leesbaar, letterformasie.	Begripsvrae en maak voorspellings. Skryf sinne. Leesbaar.	Begripsvrae. Skryf eie storie. Klanke woorde en leesbaarheid.
TAAK DRIE	FOKUS	Luister en Praat	Luister en Praat	Luister en Praat	Luister en Praat
	LA ; LU ; AS	HTLU1AS1,2,3d, HT LU2 AS1,7	HT LU1AS1,2 LU2AS6,7	HT LU1AS1,2, 3b,c LU2AS1,7	HT LU1AS1,2, LU2AS6,7
	AKTIWITEITE	Luistergedrag. Volg instruksies. Vertel persoonlike nuus.	Luistergedrag, volg en reageer op instruksies. Dramatiseer	Luistergedrag en luister na en reageer op instruksies Antwoorde vrae en lewer kommentaar.	Luistergedrag en luister na en reageer op instruksies Vorbereide mondeling

ASSESSERINGSPROGRAM

			Praat duidelik en met selfvertroue	Wys en vertel – praat oor 'n artikel.	
TAAK VIER	FOKUS	Lees, Skryf, Dink en redeneer.	Lees, Skryf, Dink en redeneer.	Lees, Skryf, Dink en redeneer.	Lees, Skryf, Dink en redeneer
	LA ; LU ; AS	HT LU3 AS3a, 4a,f HT LU4 AS 3a, 6b,1a, , HT LU6 AS 2	HT LU3 AS3a,3b,3c, 4b,c,d,f HT LU4 AS 3a, 6b, 7b,1a,b, HT LU5 AS 2a, 4a,b, HT LU6 AS 2a	HT LU3 AS3a,b,c, AS4b,c,d,f LU4 AS 3a, 7a,b 6b, 1a,b LU5 AS4a, LU6 AS2a, 3e	HT LU3 AS3a, b, c, 4 b,c,d,f HT LU4 AS 3a, 6b, 7b, 1a,b, LU6 AS 2a, 3d
	AKTIWITEITE	Lees onvoorbereide voorgeskrewe teks. Fliitskaarte met klanke en HF woorde op.	Lees onvoorbereide voorgeskrewe teks. Fliitskaarte met klanke en HF woorde op.	Lees 'n teks. Begripsvrae. Fliitskaarte met klanke en HF woorde op.	Lees onvoorbereide voorgeskrewe teks. Fliitskaarte met klanke en HF woorde en leeswoorde op.
		Skryf sinne vir 'n opvolgstorie. Skryf klanke woorde. Skryf leesbaar.	Skryf sinne vir 'n opvolgstorie. Skryf klanke woorde. Skryf leesbaar.	Skryf eie sinne oor, voegwoorde en punktuasie	Skryf eie storie. Klanke woorde. Ontkennende vorm.
Plaas prente in die regte volgorde.		Plaas prente in die regte volgorde. Begrip en grafiek.	Klanke woorde, Leesbaarheid en Begrip	Leesbaarheid. Voegwoorde, Ontkennende vorm. Naamwoorde	

RUBRIEK VIR FAT



FAT 3 – Huistaal LU 1 : Luister
Vorm: Praktiese demonstrasie

KW 2 Gr 2

Assesseringsinstrument: Rubriek

HL LU1AS1: Luister vir 'n langer tydperk aandagtig en reageer op 'n stel ingewikkelder instruksies.

HL LU1 AS2: Toon gepaste luistergedrag deur respek vir die spreker te toon, beurte te neem om te praat, vrae te stel om duidelikheid te verkry en, indien gepas, kommentaar te lewer op dit wat gehoor is.

AS 1	1	2	3	4
Reageer op 'n stel ingewikkelder instruksies.	Reageer nie gepas op enige instruksies nie.	Reageer soms gepas op sommige instuksies.	Reageer die meeste van die tyd op die meeste instruksies.	Reageer altyd gepas op alle instuksies.
AS 2 Vra vrae vir duidelikheid	Die leerder moet altyd vrae vra vir duidelikheid omdat hy selde aandag skenk wanneer opdragte gegee word.	Die leermer moet meeste van die tyd vrae vir duidelikheid vra omdat hy/sy omtrent altyd nie aandag skenk wanneer opdragte gegee word nie.	Die leerder moet die meeste van die tyd nie vrae vir duidelikheid te vra nie, aangesien hy/sy die meeste van die tyd aandag skenk wanneer opdragte gegee word.	Die leerder moet nooit vrae te vra vir duidelikheid nie, aangesien hy/sy altyd aandag gee wanneer opdragte gegee word.
AS 2 Sit stil sonder om te vroetel.	Meeste van die tyd is onoplettend. Trek gereeld ander se aandag af. Besig met iets anders i.p.v.om te luister	Soms onoplettend. Droom, of trek soms ander se aandag af. Besig met iets anders i.p.v. om te luister.	Luister gewoonlik aandagtig. Is nie besig met iets anders nie. Is nie verveeld nie. Maak nie geluide of gebare nie.	Luister aandagtig. Is hoflik en beleef. Is nie verveeld nie. Maak nie geluide of gebare nie.
AS 2 Toon respek vir die spreker	Trek gereeld ander se aandag af. Besig met iets anders i.p.v. om te luister.	Trek soms ander se aandag af. Besig met iets anders i.p.v. om te luister.	Does not appear bored, does not make distracting sounds or gestures.	Does not appear bored or make distracting sounds and gestures.

Wenk vir die onderwyser:

Gedurende die kwartaal word die leerders dopgehou en die bevindinge word op 'n affiklys aangeteken. Hulle word teen die spesifieke assesseringsstandaard gemonitor. Aan die einde van die kwartaal word die bevindinge teen die rubriek gemeet en 'n vlak word aan die leerder toegeken.

RUBRIEK VIR FAT

FAT 1: Huistaal : LU2: Praat

KW 2 Gr2



Vorm: Mondelinge terugvoering: Leerders vertel hulle persoonlike nuus.

Assesseringsinstrument: rubriek

HT LU2 AS1: Gesels oor persoonlike ervarings en algemener nuusgebeure.

HT LU2 AS7: Gebruik gepaste volume en intonasie – praat byvoorbeeld saggies met 'n maat in die klas en harder op die speelgrond.

AS1 Woordeskat	1	2	3	4
Gesels oor persoonlike ervarings en algemener nuusgebeure	Sukkel om effektief te kommuniker a.g.v. beperkte woordeskat. Kan nie homself/haarself uitdruk nie.	Gebruik 'n beperkte woordeskat. Maak baie grammatikale foute.	Gebruik gepaste woordeskat. Praat in volsinne en gebruik en praat in die korrekte tyd, bv. Verlede, toekomende of hede	Gebruik 'n uitgebreide woordeskat. Praat in volsinee en gebruik korrekte en goeie taal. Gebruik beskrywende woorde.
AS1 Inhoud	Neem nie deel nie.	Beperkte inhoud. Leerkrag moet vrae stel om duidelikheid te kry	Spontaan. Gee genoegsame inhoud wat van die leerder verwag word.	Spontaan en uitgebrei. Inhoud verskaf meer inligting as wat verwag word.
AS7: Gebruik gepaste volume en intonasie.	Praat te sag of mompel. Moeilik om te verstaan o f hoor	Praat te vinnig. Soms moeilik om te verstaan.	Praat stadig en duidelik. Maklik om te verstaan. Kan die meeste van die tyd duidelik gehoor word.	Praat stadig en duidelik. Kan ten alle tye maklik gehoor en verstaan word.

Wenk vir die onderwyser:

Luister na 5 – 8 leerders op 'n dag. So kan die assessering in 1 week voltooi word. Die leerder kan 'n artikel van die huis bring om die vertellings meer interessant te maak.

(Wys en vertel – Kan met SW – Geskiedenis gekoppel word.)

RUBRIEK VIR FAT

<p>FAT 3: Huistaal LU2: Praat KW 2 Gr2 Vorm: Mondelinge terugvoering: Rolspel Asseseringsinstrument: Rubriek Die onderwyser bekryf 'n scenario. Die leerders werk in groepe en besluit wie gaan watter karakter speel. Hulle besluit ook vir 'n oplossing vir die probleem. (Elke leerder moet praat.) HT LU2 AS6: Gebruik gepaste taal vir verskillende doeleindes en met verskillende mense HT LU2 AS7: Gebruik gepaste volume en intonasie – praat byvoorbeeld saggies met 'n maat in die klas en harder op die speelgrond.</p>				
	1	2	3	4
AS 6 Woordeskat en taalgebruik	Sukkel om effektief te kommuniker a.g.v. beperkte woordeskat. Kan nie homself/haarself uitdruk nie.	Gebruik 'n beperkte woordeskat. Maak baie grammatikale foute.	Gebruik gepaste woordeskat. Praat in volsinne en gebruik en praat in die korrekte tyd, bv. Verlede, toekomstige of hede	Gebruik 'n uitgebreide woordeskat. Praat in volsinne en gebruik korrekte en goeie taal. Gebruik beskrywende woorde.
AS 6 Dramatisering	Gebruik nie stem, gesigsuitdrukking of bewegings om karakters meer geloofwaardig en storie meer interessant te maak nie.	Probeer om stem, gesigsuitdrukking en bewegings te gebruik om karakters meer geloofwaardig en storie interessanter te maak.	Goeie gebruik van stem, gesigsuitdrukking en beweging om karakters meer geloofwaardig en die storie interessanter te maak.	Uitstekende gebruik van stem, gesigsuitdrukking en beweging om die karakters meer geloofwaardig en die storie baie interessant te maak.
AS 6 Kontak met die gehoor	Maak geen oogkontak met die gehoor nie. Verveel die gehoor	Behou soms oogkontak met die gehoor en behou soms die aandag van die gehoor.	Behou oogkontak met die gehoor en behou die aandag van die meeste van die gehoor.	Behou oogkontak met die gehoor en behou die aandag van omtrent almal in die gehoor.
AS7: Gebruik gepaste volume en intonasie.	Praat te sag of mompel. Moeilik om te verstaan of hoor	Praat te vinnig. Soms moeilik om te verstaan.	Praat stadig en duidelik. Maklik om te verstaan. Kan die meeste van die tyd duidelik gehoor word.	Praat stadig en duidelik. Kan ten alle tye maklik gehoor en verstaan word.



RUBRIEK VIR FAT



FAT 2 en 4 Huistaal: LU3 Lees en Kyk KW 2 Gr 2

Vorm: Mondelinge en skriftelike terugvoering

Praktiese demonstrasie

Assesseringsinstrument: Rubriek

Die leerders lees onvoorbereide leesstuk van ongeveer 150 woorde.

Wenk vir die onderwyser: Maak seker die teks bestaan uit aangeleerde sowel as onbekende woorde.

Begripsvrae word op die teks gebaseer. Vra een vraag waar die leerders die hele antwoord self moet kan neerskryf.

HT LU3 AS3: Herken en skep betekenis uit letters en woorde in langer tekste:

AS3a: lees met toenemende spoed en vlotheid:

AS3b: lees hardop en gebruik die korrekte uitspraak en gepaste klem.

AS3c: Gebruik klank – en ander woordherkennings- en begripsvaardighede soos klanke, kontekstuele leidrade en die maak van voorspellings te einde 'n teks te verstaan.

	1	2	3	4
AS 3a Vlotheid	Kan nie eenvoudige sinne sonder hulp lees nie	Lees woord vir woord. Lees baie woorde verkeerd. Maak eie woorde op. Lees baie stadig en klank baie woorde.	Lees is meestal volt. Sukkel nou en dan met 'n woord of sin.	Lees altyd volt. Kan onbekende woorde lees.
AS 3b Gepaste klem	Skenk geen aandag aan puntuasie nie.	Skenk soms aandag aan puntuasie. Geen uitdrukking.	Skenk aandag aan puntuasie, maar geen klem nie.	Skenk aandag aan puntuasie en lees met gevoel.
AS 3c Begripsvaardighede	Di e meeste antwoorde is verkeerd	Di e meeste van die antwoorde is korrek.	Al die woorde is korrek ingevul.	Al die woorde is korrek ingevul. Die leerder kon ook die volsin beantwoord.

RUBRIEK VIR FAT



FAT 2 en 4: Huistaal: LU3 Lees en Kyk Kw2 Graad 2
 Vorm: Mondelinge terugvoering/Praktiese demonstrasie.
 Assesseringsinstrument: Rubriek

Taak: Die onderwyser gebruik kaarte met woorde op. Die leerders lees die woorde. Die woorde bestaan uit woorde van die klanke wat deur die kwartaal aangeleer is sowel as woorde uit die hoëfrekwensie lys.

HT LU3 4: AS 4f herken 'n toenemende aantal hoëfrekwensie sigwoorde
 Wenk vir die onderwyser: Assesseer 5 tot 8 leerders op 'n dag.

AS 4f woordherkenning	1	2	3	4
	Herken nie sigwoorde nie. Klank woorde teen 'n baie stadige pas.	Kan woorde herken maar die pas is baie stadig.	Kan woorde herken, die pas wissel.	Kan maklik woorde teen 'n baie goeie en gemaklike tempo herken.



FAT 2: Huistaal LU4 KW 2 Gr2

Vorm : Skriftelike terugvoering
 Assesseringsinstrument: Rubriek

Taak: Die leerders skryf hulle persoonlike nuus neer.

HT LU 4 AS 3: Skryf 'n konsepweergawe van 'n skryfstuk vir verskillende doeleindes. a.4:
 Skryf eenvoudige vertellings van persoonlike ervarings en gebeurtenisse.

HTLU 4 AS7b: Gebruik gepaste grammatikale structure en skryfkonvensies en skryf sodat ander kan verstaan:

7b: Gebruik basiese puntuasie (hoofletters en punte)

AS 3: Skryf 'n konsepweergawe van 'n skryfstuk vir verskillende doeleindes.

	1	2	3	4
AS2a Inhoud en struktuur	Die skryfstuk bestaan uit 'n aantal onsamehangende sinne wat niks met mekaar te doen het nie. Dit is moeilik uit te vind waarom die storie gaan.	Idees is ietwat georganiseer, maar die hoofidee is nogsteeds nie baie duidelik nie.	Idees word duidelik uitgedruk. Verstaan die inhoud redelik maklik.	Idees word duidelik en in 'n georganiseerde manier uitgedruk. Maklik om die inhoud te verstaan.
7b: Gebruik basiese puntuasie (hoofletters en punte)	Net die eerste sin begin met 'n hoofletter. Geen punte, of die punte is op verkeerde plekke.	'n Paar sinne begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.	Die meeste van die sinne begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.	Al die sinne begin met hoofletters en eindig met punte.

RUBRIEK VIR FAT

FAT 4 Huistaal LU4

Kwartaal 2 Gr2

Vorm: Skriftelike terugvoering

Assesseringsinstrument: Rubriek

Taak: Die leerders skryf sinne vir 'n

opvolgstorie. Prentjies word gegee om die makliker te maak om te skryf.

HT LU 4 AS 3: Skryf 'n konsepweergawe van 'n skryfstuk vir verskillende doeleindes. 3a.5; eenvoudige stories

HTLU 4 AS7b: Gebruik gepaste grammatikale structure en skryfkonvensies en skryf sodat ander kan verstaan:

7b: Gebruik basiese puntuasie (hoofletters en punte)



	1	2	3	4
AS2a Inhoud en Struktuur	Gedagtes word nie logies uitgedruk nie. Die storie bestaan uit onsamehangende sinne. Dit is moeilik om die storielyn te verstaan.	Sommige feite nie in logiese volgorde nie. Dit maak die storielyn moeilik om te verstaan.	Idees word duidelik uitgedruk.	Idees word op 'n duidelike en georganiseerde manier uitgedruk. Die storie kan maklik verstaan word.
7b: Gebruik basiese puntuasie (hoofletters en punte)	Net die eerste sin begin met 'n hoofletter. Geen punte, of die punte is op verkeerde plekke.	'n Paar sinne begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.	Die meeste van die sinne begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.	Al die sinne begin met hoofletters en eindig met punte.

AT 2.4: Huistaal LU4

Kwartaal 2 Gr2

Vorm: Skriftelike terugvoering

Assesseringsinstrument: Rubriek

Taak: Die onderwyser vra die leerders om woorde uit die HF lys sowel as die klankelys te skryf. 'n Minimum van 30 woorde moet geskryf word. 5 van die woorde moet nuwe woorde wat op die klanke gebaseer is wees. Die onderwyseres kan ook 'n sin bysit wat die leerders moet skryf.



HT LU4 AS6: Bou woordeskat op en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan: 6b: Spel algemene woorde korrek

	1	2	3	4
AS6b	Die leerder spel meer as die helfte van die woorde verkeerd. Die voorgelese sinne bevat baie foute.	Leerder spel meer as die helfte van die woorde korrek. Voorgelese sinne bevat baie foute.	Leerder spel meeste van die woorde korrek. Die voorgelese sinne is meestal korrek gespel.	Leerder spel woorde en voorgelese sinne korrek. (Een of twee agterlosige foute kan oorgesien word)

RUBRIEK VIR FAT

FAT 2,4: Huistaal : LU4 Skryf Kwartaal 2 Gr

Vorm: Praktiese Demonstrasie

Assesseringsinstrument: Rubriek

Die onderwyser gebruik die leerders se werkboek om te assessee. HT LU4 AS1: Skryf toenemend leesbaar

AS1a: hanteer skryfinstrumente doeltreffend

AS1b: vorm letters duidelik en maklik




	1	2	3	4
<p>AS1a Inkleur</p>	<p>Kleur halfhartig in. Geen poging om binne lyne in te kleur nie.</p>	<p>Kleur sorgloos in. Kleur gereeld oor die lyne in.</p>	<p>Kleur netjies en binne die lyne in.</p>	<p>Kleur mooi en binne die lyne in. Maak goed van kleur gebruik.</p>
<p>AS1a Knip en plak</p>	<p>Kan nie op lyne knip nie. Plak prente onnet in.</p>	<p>Sukkel om op lyne te knip. Plak werk sonder sorg in.</p>	<p>Knip die meeste van die tyd op die lyne. Plak werk redelik netjies in boeke in.</p>	<p>Knip netjies uit en op die lyne. Plak werk netjies in sonder dat daar vuil merke is.</p>
<p>AS1b: Vorm letters duidelik en maklik</p>	<p>Die letters word nie met sorg en korrek gevorm nie. Die grootte van die letters verskil. Probeer glad nie om aan die lyne te raak nie. Die uitleg van sy / haar werk is baie swak. Soms onleesbaar.</p>	<p>Die letters word swak gevorm en baie van die letters raak nie aan die lyne nie. Die spasiering is baie swak. Werk vertoon nie netjies nie.</p>	<p>Letters word korrek gevorm. Die letters raak die meeste van die tyd aan die lyne. Werk is goed uiteengesit en gespaseer. Werk vertoon redelik netjies.</p>	<p>Letters word baie goed gevorm. Die letters raak altyd aan die lyne. Die werk is baie goed gespaseer en uiteengesit en vertoon baie netjies en aantreklik.</p>

RUBRIEK VIR FAT

FAT 2.4: Huistaal LU5 Dink en redeneer Kw 2 Gr2

FAT 2,



Vorm: Skriftelike terugvoering

Assesseringsinstrument: Rubriek

Taak: Leerders skryf response in praatborrels neer.

FAT 4: Opvolgstorie (HT LU 4 AS 3)

Vorm: Skriftelike terugvoering

Assesseringsinstrument: Rubriek


AS2: Gebruik taal om te dink en redeneer.

2a: verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos vir oorsaak en gevolg, logiese volgorde.

	1	2	3	4
AS2a Oorsaak en gevolg	Kan nie prente interpreteer nie.	Kan nie die prente interpreteer nie , maar verstaan tog waarom dit gaan.	Interpreteer en reageer korrek op prente.	Interpreteer en reageer kreatief op die prente.
AS2a Logiese volgorde Inhoud en struktuur	Denke nie in logiese volgorde nie. Die storie bestaan uit onsamehangende sinne. Dit is moeilik om die storielyn te versta. D	Sommige sinne is nie in volgorde nie. Dit maak dit moeilik om die storie te verstaan. Die hoofidee is nie baie duidelik nie.	Die idees is in 'n redelike orde gerangskik. Dit is maklik om die storie te verstaan.	Die idees is in logiese orde gerangskik. Dit is maklik om die storie te verstaan.

RUBRIEK VIR FAT

FAT 4: Huistaal LU5 Dink en redeneer Kwartaal 2 Gr2



Vorm: Skriftelike terugvoering – begripstoets

Assesseringsinstrument: Rubriek


Taak: Begripstoets

HT LU5 AS4 Verwerk inligting

4a: kies spesifieke inligting uit 'n teks en verwerk dit.

Wenk: Vrae is op die leesstuk gebaseer. Die leerders moet net die korrekte woord invul. Vra een vraag wat die leerders heeltemal moet antwoord.

	1	2	3	4
Begripsvaardighede	Di e meeste antwoorde is verkeerd	Di e meeste van die antwoorde is korrek.	Al die woorde is korrek ingevul.	Al die woorde is korrek ingevul. Die leerder kon ook die volsin beantwoord.



FAT 4: Huistaal LU5 Dink en redeneer Kwartaal 2 Gr2

Vorm: Skriftelike terugvoering

Assesseringsinstrument: Rubriek

Taak: Grafiek

HT LU5 AS4 Verwerk inligting

4a: kies spesifieke inligting uit 'n teks en verwerk dit

Wenk: Integreer met Wiskunde LU5 Datahantering

	1	2	3	4
Begripsvaardighede	Kon nie die data interpreteer nie. Minder as die helfte van die antwoorde is korrek,	Kon die data interpreteer en kon ook 'n paar van die makliker vrae beantwoord.	Kon die data interpreteer en kon al die makliker vrae en sommige van die moeiliker vrae beantwoord.	Kon die data interpreteer en al die vrae beantwoord.



Huistaal : Kwartaal 2

LU6: Taal struktuur en gebruik

FAT 2,4

Vorm: Skriftelike terugvoering

Tool: Rubric

Taak: Die onderwyser vra die leerders om woorde uit die HF lys sowel as die klankelys te skryf. 'n Minimum van 30 woorde moet geskryf word. 5 van die woorde moet nuwe woorde wat op die klanke gebaseer is wees. Die onderwyseres kan ook 'n sin bysit wat die leerders moet skryf.

HT LU6 AS2; Werk met woorde

2a: spel bekende woorde korrek.

	1	2	3	4
AS2a	Die leerder spel meer as die helfte van die woorde verkeerd. Die voorgelese sinne bevat baie foute.	Leerder spel meer as die helfte van die woorde korrek. Voorgelese sinne bevat baie foute.	Leerder spel meeste van die woorde korrek. Die voorgelese sinne is meestal korrek gespel.	Leerder spel woorde en voorgelese sinne korrek. (Een of twee agterlosige foute kan oorgesien word)

Nota: Dit word alreeds in HT LU4 AS6b

HOË FREKWENSIE WOORDELYS

alleen	hier	spring
alles	hierdie	stadig
almal	huis	tafel
altwee	hulle	teken
altyd	iets	telefoon
amper	julle	telegram
ander	jou	terwyl
bad	klein	tussen
baie	klim	vandag
begin	koud	vanaand
beter	lekker	vanself
bietjie	meneer	verder
bring	mense	verniet
brood	moenie	verstaan
daardie	more	vertel
daarvan	motor	vlieg
dikwels	nader	vroeg
dus	nooit	waarom
eenkeer	nuut	wanneer
eie	omdat	water
enige	omtrent	watter
familie	onder	werk
gebruik	ore	Sondag
gedoen	polisie	Maandag
geëet	probeer	Dinsdag
gegee	proe	Woensdag
gehardloop	rivier	Donderdag
gereed	seermaak	Vrydag
gesê	seker	Saterdag
gevind	self	Januarie
gister	skryf	Februarie
goeie	snaaks	Maart
groei	sodat	April
hardloop	sonder	Mei
hele	spring	Junie
	stadig	Julie
	swem	Augustus
	swart	September
		Oktober
		November
		Desember